basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL V3

FEBRUARIE/MAART 2013

PUNTE: 100

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS.

AFDELING A:	Opstel	(50)
AFDELING B:	Langer Transaksionele Teks	(30)
AFDELING C:	Korter Teks: Transaksioneel/ Naslaan/Informatief	(20)

   Jy word sterk aanbeveel om 80 minute aan AFDELING A, 40 minute aan AFDELING B en 30 minute aan AFDELING C te bestee.

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou werk beplan (bv. ’n kopkaart, vloeidiagram, diagram, sleutelwoorde, ens.), redigeer en jou skryfstukke proeflees. Die beplanning moet VOOR die opstel wees.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek ’n streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe klaar oorgeskryf het.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

8. Voorsien elke teks van ’n gepaste titel/opskrif.

   LET WEL: Die titel/opskrif word nie in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: OPSTEL

VRAAG 1

Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n OPSTEL van 400–450 woorde.

1.1 Van lekker lag, kom lekker huil **[50]**

1.2 **My lewe in 'n plakboek** **[50]**

1.3 **Geniet die klein dingetjies; eendag kyk jy dalk terug en besef dis dié dinge wat saak maak. - Robert Brault**

[Uit: *Leef*, Oktober 2011] **[50]**

1.4 Hongersnood is almal se probleem. **[50]**

1.5 *In my sak …* **[50]**

1.6 1.6.1

[Bron: www.cartoonstock.com] **[50]**

OF

1.6.2



[Bron: http://bigsheepcommunications.wordpress.com] **[50]**

OF

1.6.3



[Bron: *Beeldplakkaat,* 27 Januarie 2012]

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS

VRAAG 2

Kies EEN van die opdragte hieronder en skryf ’n SKRYFSTUK van 180–200 woorde.

2.1 **INFORMELE VERSLAG**

Die matriekafskeid was beslis ’n hoogtepunt van jou matriekjaar.

Skryf ’n INFORMELE VERSLAG vir julle spesiale matriekgedenkbundel oor hierdie onvergeetlike aand. **[30]**

2.2 **RESENSIE**

’n Nuwe laserskyf (CD), spesiaal gemik op agttiende verjaardagpartytjies het pas verskyn. Jy besluit om vir *JIP* (’n tienerbylaag van *Beeld*, *Die Burger* of *Volksblad*) ’n RESENSIE oor dié laserskyf te skryf. **[30]**

2.3 **BRIEF AAN DIE PERS**

’n Mens lees gereeld in koerante hoe onverantwoordelik matrieks by die partytjie wat ná die matriekafskeid gehou word, optree.

Skryf ’n BRIEF AAN DIE PERS waarin jy jou standpunt oor dié kwessie duidelik stel. **[30]**

2.4 **DIALOOG**

Elke skool het ’n onderwyser wat strenger is as die ander onderwysers. Jy het ’n skoolreël oortree.

Skryf die DIALOOG tussen jou en dié onderwyser. **[30]**

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: KORTER TEKS: TRANSAKSIONEEL/NASLAAN/INFORMATIEF

VRAAG 3

Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n SKRYFSTUK van 100–120 woorde.

3.1 **STROOIBILJET**

As jy aan die begin van die jaar geweet het wat jy nou weet, sou jy dalk jou matriekjaar makliker oorleef het.

Stel 'n STROOIBILJET vir alle voornemende matrieks saam waarin jy wenke gee oor hoe om in matriek kop bo water te hou. **[20]**

3.2 **INSTRUKSIES**

Klop jou blou bui.

Skryf INSTRUKSIES hoe om uit jou slegte, blou bui te kom. **[20]**

3.3 **ADVERTENSIE**

Stel 'n ADVERTENSIE saam vir 'n universiteit, 'n universiteit van tegnologie of 'n ander tersiêre inrigting waarin jy matrikulante aanmoedig om aan dié universiteit of inrigting te studeer. **[20]**

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou